# Managing predators in the Vredefort Dome area dicussed

Predators have been in competition with man for centuries. In the Northwest Province, particularly jackal is the most prominent predators of livestock and game. Generally landowners manage predators as they see fit, as they are not protected, and still listed as problem animals or vermin.

Speaking on Managing predators in die Vredefort Dome and Conserving Animal Diversity, John Power, terrestrial ecologist at the Northwest Provincial Government, explained the methods of hunting and breeding of various predators, focussing specifically on the Dome area where most land is privately owned for game farming, livestock ranching, small scale croplands and conservancies . He explained how landowners can use various means to protect their livestock and game during a meeting of landowners in the Dome at Doringbos Lodge on Thursday 24 August. Power's department runs an office at Venterskroon.

Of interest is that leopard is blamed for 12% of losses in the Northwest - both game and livestock. Caracal on the other side



Dr Biddie Biddulph, ecologist John Power and Willem Jansen van Rensburg.

is responsible for 20% of predation in the whole of Northwest. Power mentioned that there has in general been an improvement of success to translocate leopards, though a moderate good.

He mentioned that landowners who resorted to non-lethal mangement involving livestock guarding animals. managed to reduce predation, Human shepherding has also shown to be effective, but may be costly.

One of the best ways to minimise predation is for landowners to have sufficient prey abundance so as to buffer predation, particularly small mammals. Power explained that predators resort to livestock or fenced in wildlife, once their natural prey has declined. He added that stocking of game much larger than the local predators is also a good bet. Fence electrification with impenetrable rock apron is said to be effective against jackal, but agile climbing predators are more difficult to exlude for example leopard and caracal.

In conclusion he said there is no silver bullet to fix problems with some carnivores especially highly adaptable carnivores, like jackals. "Evidence-based and holistic management must be used to manage carnivores in the Dome area. Our department will assist with nationally protected species," he said.

For advise landowners can contact John at the follwing email address: Jpower@nwpg.gov.za or Mr Siyabonga Mseleku on 061 478 5931 or SMseleku@nwpg.gov.za




Die Vredefort Koepel lok jaarliks besoekers vanoor die wêreld om hierdie geologiese wonder te sien. Foto: Christo Meyer.

# Inspeksiebesoeke in Koepel gedoen vir UNESCO-verslag

**Liezl Scheepers**

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewing, Bewaring en Toerisme in die Noordwes Provinsie, het verlede week grondeienaars in die Vredefort Koepel besoek as opvolginspeksie om 'n evaluasie te doen van hoe dié prag wêrelderfenisgebied bewaar word in terme van ontwikkeling en watergebruik in die gebied. Daar is spesifiek gekyk en opgevolg word oor die nakoming en nie-nakoming van nasionale en provinsiale wetgewing.

Die vorige inspeksie van die departement was in 2020. Die Vredefort Koepel beslaan 'n kerngebied van 30 000 hektaar met 'n 5km buffersone van 14 422 hektaar, en sluit in 150 eiendomme in privaatbesit en 4 eiendomme in staatsbesit.

Die besoek was nodig om die jaarlikse verslag aan UNESCO te kan lewer oor ontwikkeling in die Vredefort Koepel Wêrelderfenisgebied in die State of Conservation verslag wat jaarliks in Desember ingedien word. Omdat ontwikkeling in die gebied 'n bedreiging kan inhou vir die Vredefort Wêrelderfenisgebied, word kwartaallikse verslae van ontwikkelingsaansoeke ook ingedien by die Nasionale Departement van Bosbou, Vissery en Omgewing. 'n Belangrike aspek waarna gekyk word is ook besoedeling van die Vaalrivier omdat dit 'n wesenlike en ernstige bedreiging inhou vir die gebied met nasionale en internasio- nale aandag wat hieraan gegee word om ekologiese en biologiese verliese te voorkom.

Gedurende 2019 is die Blue Deal Project begin wat juis fokus op besoedeling van die Vaalrivier, en die opgradering van watergehalte in die Vredefort Koepel-gebied. 'n Deel van die uitkoms van die projek is om nakoming te monitor van watergebruikers in terme van die nasionale waterwet, en om op te tree teen diegene wat nie gehoor sou gee aan die bepalings van die wet nie.

Die nasionale departement van Waterwese en Sanitasie en die Dutch Water Authority (DWA) is die projekleiers met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewing, Bewaring en Toerisme in die Noordwes Provinsie as een van die rolspelers vir die implementering van die projek.

**Meer oor die Vredefort Koepel**

Die Vredefort Koepel, ongeveer 120 km suidwes van Johannesburg, langs Parys, is 'n verteenwoordigende gedeelte van 'n groter meteoriet impakstruktuur en dateer 2,023 miljard jaar terug in die planeet se geskiedenis. Dit is die planeet se oudste impakkrater en, met 'n radius van 190 km, ook waarskynlik die grootste en diepste.

Die Vredefort Koepel konstitueer getuienis van die aarde se grootste enkele energievrystellende gebeurtenis met massiewe gevolge vir ons planeet - sommige moontlik bydraend tot ons kennis en begrip van ons planeet se evolusionêre geskiedenis. Die Koepel is ook die enigste voorbeeld van 'n volle geo- logiese profiel van 'n impakkrater wat onder die kratervloer is. In Junie 2005 het UNESCO die Koepel as 'n Wêrelderfenisterrein gelys. Volgens Willem Janse van Rensburg, voorsitter van die Noordwes Grondeienaarsvereniging, is die twee grondeienaarsverenigings in die Vrystaat en Noordwes asook die Koepel Bewarea, in onderhandelings met die Regeringsowerhede om die nasionale proklamasie van die Koepel as 'n Nasionale Erfenisterrein te verseker en te bespoedig.

Die nasionale World Heritage Convention Act, 1999 sal van toepassing wees op die Koepel en toepassing in samehang met Suid-Afrikaanse wetgewing, regulasies en juridiese instrumente, het hy gesê.

## Belangrik dat Vredefort Koepel as nasionale erfenisgebied verklaar word

**Wouter Plenaar**

Die Vredefort-koepel Bewarea speel vir die afgelope 18 jaar 'n groot rol om te verseker dat die Vredefort Koepel UNESCO Wêrelderfenisgebied beskerm word.

Sedert 2008 is die Vredefort-Koepel deur UNESCO as 'n Wêrelderfenisgebied verklaar, maar tot op hede is dit nog nie deur die regering as 'n wêrelderfenisgebied verklaar in terme van nasionale wetgewing (Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 49 van 1999) nie.

Die prioriteit rakende die proklamasie van hierdie gebied as erfenisgebied is een van die sake wat die voorsitter van die Vredefort-koepel Bewarea, Dr. Biddie Biddulph, graag sy aandag op wil vestig.

Dr. Biddulph, een van die grondeienaars in die Koepel vir die afgelope 18 jaar, het 'n groot passie vir die Koepel en het onlangs die bestaande raad van direkteure hersaamgestel om die Vredefort-Koepel Bewarea te bestuur en aandag oor die belangrikheid van bewaring van die Koepel te herbevestig.

"Bewaring van die Koepel lê naby aan my hart. Ek het voor Covid-19 besighede in Johannesburg gehad, maar toe die inperking gebeur, het ek meer tyd in die Koepel spandeer, en ek en my vrou is nou permanent gevestig op ons plaas," vertel hy.

Volgens hom is die Koepel uniek in die feit dat 98% van die grond aan 260 privaat eienaars behoort.

"Die regte van die eienaars moet beskerm word tesame met die geskiedkundige en geologiese erfenis van hierdie area."

"Die natuurlike helling van die topografie kan nie versteur word nie. Dit is belangrik dat bewaring korrek en konsekwent toegepas word, en dat die breë publiek bewus is van die bewaringsarea," noem Biddulph.

Die Koepel het volgens wetenskaplikes ontstaan toe 'n meteoriet die aarde getref het. Die krag van die impak het 'n krater veroorsaak, wat nog sigbaar is.

Dit is 'n absolute prioriteit dat hierdie area as erfenisgebied verklaar word om die grond veral teen onwettige ontwikkeling te beskerm.

Dit is nou al 15 jaar nadat UNESCO die Vredefort-Koepel as 'n Wêrelderfenisgebied verklaar het.

"Dit is belangrik dat onderhandelinge nou deurgevoer word op nasionale vlak om bewustheid rondom hierdie saak te skep," sê Biddulph.

Beskerming van die gebied word tans hoofsaaklik gedoen deur die verskillende omgewingsimpak beoordelingsraamwerke, ingestel deur die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998, tesame met die algemene beskerming wat deur ander omgewingswetgewing gebied word.

Die Koepel is regstegnies slegs gedeeltelik onderhewig aan relevante SA wetgewing.

Verder kan 'n amptelike bestuursoutoriteit ook nie aangestel word nie en ander wetgewing soos die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede 57 van 2003 en ander omgewingswetgewing ook nie ten volle gebruik word om spesifieke regulasies vir die bestuur van die Vredefort Koepel af te kondig nie.



Die voorsitter van die Vredefort-koepel Bewarea, dr. Biddie Biddulph. Foto: Wouter Pienaar